Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 10. Kaapstad, 31 Oktober 1951. Prys 3d. Nr. 48.

# PARTYSTELSEL KAN NIE VRAAGSTUKKE OPLOS SÊ SAKEMAN

**„Die partypolitieke masjien is ontoereikend vir enige land waar daar ernstige vraagstukke bestaan," het mnr. R. M. Martin, voorsitter van die Handelsbeurs van Suidelike Afrika, verlede week in Johannesburg verklaar by geleentheid van die vereniging se jaarvergadering.**

Mnr. Martin het van die belangrikste landsvraagstukke behandel, soos voedselproduksie, nywerheidsontwikkeling, immigrasie en arbeidstekort. Hy het gesê dat hy nie die regering kritiseer nie, maar dat hy dit het teen die partypolitieke masjien wat nie geskik is vir die oplossing van ernstige vraagstukke nie. Sulke vraagstukke, het hy gesê, kan slegs deur 'n langtermynbeleid wat buite die partypolitiek is, opgelos word.

## Afrikaans In Kongo

Afrikaans het 'n stap verder in Afrika gevorder deurdat dit nou ook koeranttaal geword het selfs in die Belgiese Kongo. Die Vlaamse weekblad Die Week het hierdie maand begin om ook bydraes in Afrikaans te publiseer. Volgens die bestuurder word geen pogings aangewend om dit te vertaal nie, aangesien die lesers Afrikaans verstaan en daarvan hou.

## NOG INTEKENARE GEWERF

**In die afgelope week het nog drie persone die name van nuwe intekenare aan ons besorg. Van mnr. D. J. M. Cronje, wat in die verlede reeds baie in hierdie verband gedoen het, het ons een naam ontvang; van 'n leser op Oranjeville twee name en van 'n leser op Stellenbosch drie name.**

**Dit beteken 'n waardevolle toevoeging tot die mobilisasie van kragte vir die eerste praktiese stap tot verwesenliking van ons volksideaal.**

**Hoeveel nuwe intekenare gaan ons hierdie week ontvang . . . en wie gaan hulle besorg?**

## WIE SE GELD?

**DIE O.B. het £2/10/- in note van 'n persoon op Boegoeberg ontvang sonder dat 'n naam en adres dit vergesel het. Ook is 'n posorder vir £1/17/6 van iemand in Pretoria-Noord ontvang sonder die nodige gegewens. Sal die betrokke persone asseblief hul name verstrek en ook meld waarvoor die geld bedoel is?**

# Sluit Aan By O.B. Om Te Veg Teen Partypolitiek

**Blydskap oor die stigting van 'n nie-partypolitieke front, soos die Grootraad op sy jongste vergadering besluit het, en toesegging van sy heelhartige steun aan hierdie front deur inskakeling by die Ossewabrandwag, word uitgespreek in onderstaande brief van mnr. D. G. Swart, Rustig, Eerste Rivier, aan Die O.B. waarin hy verklaar dat hy met die partypolitiek finaal breek omdat hy daarin geen heil meer vir ons volk sien nie. Mnr. Swart skryf:**

„Ek was baie jare lid van die Nasionale Party en later van die H.N.P. en ek dink ek mag sê dat ek net so hard geveg het en net so baie opgeoffer het vir die party as enige ander lid. Nou het ek besluit om te bedank as lid van die party en ek voel dat ek my besluit bekend moet maak.

„Hierdie besluit neem ek na jare se oordenking en oorweging. Ek is nie kwaad vir die Nasionale Party nie en ek het ook geen persoonlike grief teen die party nie. Ek bedank uit die party omdat ek besluit het om finaal te breek met politieke partye en die partystelsel.

„My ondervinding het my geleer dat die partypolitiek die plek is waar broedertwiste uitbroei. Die leiers van 'n politieke party is ongelukkig geneig om te ontaard in 'n kliek wat soos diktators oor die party wil regeer. En dit is hierdie kliek wat die twiste maak met almal wat dit wil waag om nie ja en amen op hul woorde te sê nie. Teen sodanige persone pas hulle 'n beleid van sosiale en politieke diskriminasie toe. Op hierdie manier jaag hulle altyd mense wat selfstandig dink uit die party uit en span hulle mense uit wat andersins nuttige dienste aan die volk kon gelewer het.

„Dit is 'n toestand wat my al jarelank hinder. Selfs die Woord leer my dat partyskappe uit die bose is.

### KLEURVRAAG

„Die leiers van 'n politieke party handel nie altyd in die beste belang van die volk nie — hulle handel alte dikwels in die beste belang van hul party. Ek is nie langer bereid om toe te sien dat volksbelange opgeoffer word vir partyvoordeel nie. **Die N.P. mag verkiesings wen oor die kleurvraagstuk, maar dit is nie in belang van die volk om die blankes oor hierdie vraagstuk te verdeel nie. Ook nie oor die inlywing van die Britse Protektorate nie. Dit is sake wat buitekant die partypolitiek moet staan.**

„Ek is ook baie ontevrede dat die Nasionale regeringsleiers die republikeinse ideaal van ons voorouers op die agtergrond skuiwe en nou met 'n Empire-republiek voor die dag kom. En ook die regering se oorlogsbeleid. Ek vra myself af: Het S.A. 'n eie beleid oor oorlog of is die Britse Statebond se oorlogsbeleid ook maar ons beleid. En wat van die lewenskoste? Waarom bring die regering nie pryse af nie sodat die arm man ook kan leef nie? Vanaf hul verkiesingsplatforms het die regeringsleiers tog beloof om dit te doen. Ek sien al minder verskil tussen genl. Smuts se vorige regering en dr. Malan se regering.

„Ek het lankal lus gevoel om by die O.B. aan te sluit, maar dit het vir my gelyk asof die O.B. in die verlede ook maar teruggebeur het na die politieke partye toe. **Maar nou lees ek in die O.B.-koerant dat die Grootraad van die Ossewabrandwag 'n besluit geneem het waaroor ek baie bly is. Die O.B. gaan hom nou heeltemal onttrek aan die partypolitiek en sy leiers gaan 'n anti-partypolitieke front opbou.**

**„Dit is die regte ding en ek verwelkom dit. Daarom bedank ek uit die partypolitiek en sluit ek by die O.B. aan om te help om hierdie front op te rig.**

„Ek doen 'n beroep op alle Suid-Afrikaners en op alle Nasionaliste: Los die partypolitiek wat ons volk verdeel en laat ons as 'n verenigde volk in 'n anti-partypolitieke front veg teen die probleme van ons volk en vir die verwesenliking van ons ideale."

# PARTY WEN NOOIT MEER AS TWEE VERKIESINGS

**Die stelling dat geen party in ons land nog ooit meer as twee verkiesings na mekaar gewen het nie, is dikwels deur Die O.B. gemaak. Ons het steeds daarop gewys dat die parlementêre wiel met 'n onverbiddelikheid draai totdat die opposisie (of alternatiewe regering) weer bo is. Hierdie stelling is verlede Donderdag in Die Burger onderskryf in die rubriek Van Alle Kante. Die medewerker skryf onder meer as volg in verband met die Britse algemene verkiesing:**

„Sedert 1910 het geen Britse politieke party nog ooit geslaag om drie algemene verkiesings na mekaar te wen nie. Die Tories het wel in die jare 1922-1924 drie keer na mekaar as die sterkste party uit die verkiesings getree, maar by die verkiesing van 1923 het hulle minder setels verower as die Liberale en Arbeiders tesame.

„Wat is die toestand in ons eie land? Sedert 1910 het die ou Suid-Afrikaanse Party vier algemene verkiesings gewen, dié van 1910, 1915, 1920 en 1921. Daarna het die Nasionale Party twee gewen, dié van 1924 en 1929. In 1933 het die Koalisie-regering 'n groot oorwinning behaal. Ná die Koalisie-regering het die Verenigde Party, wat uit die koalisie gebore was, twee verkiesings gewen, dié van 1938 en 1943.

„As mens die jare voordat die Nasionale Party 'n krag in die Suid-Afrikaanse politieke lewe geword het, buite rekening laat, het 'n party in ons land ook nog nie meer as twee verkiesings na mekaar gewen nie."

Tot sover Die Burger.

### SKEWE BEELD

Behalwe in een opsig is die gegewens juis, maar daar is sekere omstandighede wat wel ook in aanmerking geneem behoort te word, anders trek dit die prentjie skeef: Die eerste is dat 'n bewindstermyn sowel in ons land as in Brittanje vyf jaar is. Partye probeer dikwels hul lewe verleng deur vroegtydig verkiesings te hou, sodat binne die vyf jaar soms twee of meer verkiesings plaasvind. So het Attlee se regering in Brittanje byvoorbeeld sy lewe verlede jaar met 15 maande (vervolg op bladsy 6 kolom 1)

# LESER STUUR 16 NAME EN 'N PLAN

**'n Leser van Graaff-Reinet wat die skuilnaam Taurus verkies, het die name van sestien persone gestuur vir wie hy inteken op die blad vir 'n tydperk van een maand. Hy doen dit ter wille van die verspreiding van ons standpunt en doen aan die hand dat ook ander lesers sy voorbeeld volg. Sy brief lui:**

„Graag wens ek Sybrand geluk met sy uiteensetting van 17 Okt. Dit het my toe ook sommer aan die gesegde herinner: wat help dit om vir die bekeerdes te preek? Daarom wil ek vandag iets aan die hand doen, en naamlik dit: **Elke leser van Die O.B. moet 'n ekstra jaar se subskripsie op Die O.B. betaal en daarvoor kan hy 12 name instuur met die adresse daarby wat dan vir een maand die koerant sal ontvang.**

„As Die O.B. dan voortgaan op die aangewese weg om punte van ooreenstemming tussen die partye uit te wys, een elke week, dan sal baie gewen word op die weg van die partystelsellose staat, of ‚Best man Government,' soos die Engelse dit liewer sal noem.

„Verder behoort Die O.B. soos adv. Pirow se Nuusbrief stap vir stap sy beleid staatkundig en ekonomies, op al die gebiede van die lewe — opvoeding en boerdery, spoorweg en waterbewaring, ens. uiteen te sit.

„Om die daad by die woord te voeg, sluit ek 'n tjek in en die name en adresse voeg ek hierby."

Tot sover ons leser.

Wie gaan hierdie mooi voorbeeld volg? As ons ons ideale wil bereik, moet ons dit buite ons geledere verkondig en die metodes wat Taurus voorstel is beslis een manier om dit te doen en 'n goeie manier boonop.

## Sal Empire Se Bloedstroom Versterk

**„Indien die Konserwatiewe Party in Brittanje wen, sal daar 'n sterker buitelandse beleid wees, en die bloedstroom van die Statebond sal weer verbeter word," lui 'n stelling in die Cape Times net voor die uitslag van die verkiesing bekend geword het.**

Die blad het ook gewag gemaak van die moontlikheid van verdere devaluasie deur die nuwe regering met die oog op Brittanje se finansiële posisie.

**Die opwekking van die bloedstroom van die Statebond — wat reeds so goed is dat daar byna elke drie maande die een of ander Suid-Afrikaanse minister in Londen is om die organiese eenheid te verstewig, sal seker meebring dat Suid-Afrika ook weer agter Brittanje aan sy geld sal devalueer om daardeur die lewenskoste nog hoër op te jaag.**

**Suid-Afrika dra 'n swaar las solank hy as gewillige familielid borgstaan vir Brittanje se bankrotboedel.**

## Skerper Toesig Oor Statebond

**Een van die eerste aankondigings ná die oorwinning van Churchill was dat hy die pos Statebondsbetrekkinge tot een van die hoofposte van die nuwe kabinet wil opbou.**

**Net Brittanje het 'n minister van Statebondsbetrekkinge — waarmee aangedui word dat die Statebond eintlik aan Brittanje behoort ondanks die mooi frases van „gelykheid" en „susterskap" en nou gaan Brittanje sy toesig oor die Statebond verskerp deur dit 'n hoofpos in sy kabinet te maak.**

---

**'n Fabriek wat eerstegraadse breekgoed sal vervaardig, word binnekort in Kaapstad opgerig en sal teen die einde van aanstaande jaar in produksie wees. Die grondstowwe sal byna uitsluitend van binnelandse oorsprong wees.**

DIE O.B., WOENSDAG, 31 OKTOBER 1951

# DUBBELE VERLIES VIR DIE VOLK

Die politieke partye het in die afgelope week 'n aanduiding gegee van die aas wat hulle by die volgende stembus gaan gebruik. Op Oudtshoorn het min. S. P. le Roux verklaar dat die volgende verkiesing weer oor die kleurvraagstuk sal gaan, en Die Burger het dit in 'n hoofartikel beaam deur te verklaar dat die regering tot nou toe „weinig meer as die fondamente gelê (het) vir die (apartheids-) struktuur wat opgerig moet word." „Dit sal nog jare duur voordat die beleid gevestig is," en 'n bewindsverandering op hierdie stadium „kan die hele program ontwrig."

Die leier van die V.P. weer het sy skietgoed vorendag gehaal op sy partykongres in Oos-Londen. Hy het gesê dat hy baie graag oor alledaagse vraagstukke, soos die staatsdiens, brood en botter, ens. wou gepraat het, maar „daar is wesenlike vraagstukke op die spel wat 'n verantwoordelike opposisie nie oor die hoof kan sien nie. Hierdie „wesenlike vraagstukke" is die „rassestryd" wat spruit uit die „seksionele oorheersing" deur een party.

**Met ander woorde, terwyl die Nasionale Party sy tande slyp om oor kleur te veg, slyp die Verenigde Party sy tande om oor taal te veg.**

## GEVOELSOPSWEPING

En dit is heeltemal logies dat dit so sal wees. Elke party kies die „plank" wat die grootste mate van gevoelsopwelling in sy belang sal verwek. As geslepe partypolitieke taktikus het dr. Malan die Verenigde Party in 'n hoek gejaag met sy stryd oor kleur. 'n Groot deel van die Engelssprekendes voel geneig om die Nasionale Party se kleurbeleid te steun, en omdat dit so is, bied die kleurvraagstuk vir die Nasionale Party die beste „plank" vir 'n verkiesing. Trouens, in 1944 het dr. Malan op sy partykongres in Pretoria sy strategie as volg verduidelik:

> „In 1929 het die Nasionale Party die kleurvraagstuk op die voorgrond geplaas en die verkiesing van toe het die Nasionale Party 'n meerderheid oor alle partye gegee. Wat in 1929 moontlik was is weer moontlik." (Die Burger 21 September 1944.)

Die oorwinning van 1948 was nog nie volkome nie, en na die verkiesing is allerweë erken dat die Engelssprekendes as 'n blok teen die Herenigde Party gestem het. En op sy Natalse kongres 'n paar weke gelede, het dr. Malan die opposisie verwyt dat hy die Engelse met haataanblasing teen die Afrikaanse regering beweeg om ten spyte van 'n gemeenskaplike kleurgevoel teen die regering kant te kies.

## WATTER WINS?

Vir die Verenigde Party betaal dit nie om oor die kleurvraagstuk te veg nie. Wat hy hieroor te sê het spreek nie tot die gevoel van die meerderheid kiesers nie. **Hy soek dus 'n ander gevoelsaak, en die beste wat hy kan kry is Engelse sentiment. Hoe harder dr. Malan dus die kleur-trompet blaas, hoe harder slaan mnr. Strauss die taal-tamboer. Dr. Malan sal sy duisende stemme trek en mnr. Strauss sal sy duisendes behou, maar die volk sal sit met die verlies — verlies van die goeie betrekkinge tussen blank en nie-blank aan die een en verlies van samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes aan die anderkant. Vir die verlies van die goeie gesindheid van die nie-blankes kan nie eens 'n beter gesindheid tussen die blankes aan die kredietkant getoon word nie — kan nie eens groter blanke eenheid verkry word om die groter nie-blanke vyandskap die hoof te bied nie. Daarvoor sorg Sy Majesteit se opposisie.**

**Watter wins besorg die partypolitiek dan die volk? Selfs 'n nasionale oorwinning (naas die kwaad wat sy propaganda stig) beteken per slot van sake niks wanneer die goed wat hy doen aanstonds weer ongedaan gemaak sal word deur die opposisie wat enige tyd ná 'n tweede verkiesing weer aan bewind sal kom — soos die partypolitieke geskiedenis hier en in Engeland bewys nie.**

**BRILLE**
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Ingelyf by H.N.P.*

Dit het my destyds baie vermaak verskaf om die naarstige soektog van die koerante van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty en die Afrikanerparty gade te slaan na die regte woord om die ding te beskryf wat tussen die twee politieke partye plaasgevind het. Eers het hulle gesê dis 'n amalgamasie. Toe het hulle dit verdiets en 'n samesmelting genoem. Later het hulle die strelende benaming eenwording gebruik. En nou het Die Vaderland eindelik, toevallig of moedswillig, die ding by sy regte naam genoem, nl. inlywing. Die waarheid is dat daar twee dinge plaasgevind het: eerstens, 'n inlywing; en tweedens, 'n naamsverandering. Op 22 Okt. het die H.N.P. of V. die Afrikanerparty formeel ingelyf en op dieselfde datum het die H.N.P. of V. sy naam na Nasionale Party verander. Dit is wat gebeur het. Ek weet nie waarom die partykoerante die saak nie sommer van die begin af reg gestel het nie. Miskien het hulle gedink dat die waarheid nie byval sal vind by die lede van die Afrikanerparty nie. Daarom het hulle eers gepraat oor die „eenwording" van die twee partye in plaas van oor die „inlywing" van die A.P. by die H.N.P.

In ieder geval die Afrikanerparty bestaan nou nie meer nie. Daarom mag 'n mens seker maar sê dat sy einde bewerkstellig is deur inlywing by die H.N.P.

### *Die Plan Het Misluk*

Ek wil vandag aan my lesers bekend maak dat die inlywing van die Afrikanerparty nie volgens plan verloop het nie.

Wat was die plan?

Die plan was om die lede van die Ossewabrandwag, wat byna almal aan die Afrikanerparty behoort het, in die Nasionale Party te keer, sonder dat die partyleiding die Ossewabrandwag in die saak hoef te ken. Die O.B.-lede sou in die Nasionale Party toegelaat word uit hoofde van hulle A.P.-skap — en nie uit hoofde van hulle O.B.-skap nie. Trouens hulle sou moes verklaar dat hulle nie aan „'n organisasie met 'n politieke strekking" behoort nie.

Op hierdie manier sou bewerkstellig word — so het die H.N.P. gehoop — dat duisende lede van die Ossewabrandwag by die Nasionale Party sal aansluit — sonder dat die partyleiding selfs met 'n tang aan die O.B. geraak het.

Dit blyk nou egter dat die O.B.-lede van die Afrikanerparty verkies om liewer lede te bly van „'n organisasie met 'n politieke strekking" in plaas van lede te word van die Nasionale Party. Die Afrikanerparty het reeds van die toneel verdwyn en die O.B.-lede wat vroeër A.P.-lede was sluit eenvoudig nie by die Nasionale Party aan nie. Hulle bly net O.B.-lede. En daarmee is die hele kwessie van die samesmelting of die inlywing van die A.P., sover dit hulle betref, uit en gedaan.

### *Baantjie-Aanbiedinge*

Uit gesprekke wat ek gevoer het met O.B.-lede wat lede en ampsdraers — voorsitters en sekretarisse — van die A.P. was, blyk dit dat hulle houding min of meer die volgende is:

Ons het ons laaste plig teenoor die Afrikanerparty getrou nagekom toe ons niks gedoen het, op die jongste A.P.-kongres of elders, om die „eenwording" van die A.P. en die H.N.P. te verongeluk nie. Ons beskou dit hoegenaamd nie ons plig om lede van die Nasionale Party te word nie — en ons is ook glad nie voornemens om aan te sluit nie.

Daar is een aspek van die inlywing van die A.P. by die H.N.P. waarvoor die O.B.-offisiere, wat op baie plekke, veral in Kaapland, ook die plaaslike A.P.-leiers was, diep gebelgd is. En dit is die baantjieaanbiedinge. Die reëling tussen die partye is glo dat sommige plaaslike A.P.-leiers in 'n kiesafdeling „benoem" sal word op die ou H.N.P. of nuwe N.P. se distriksraad. Nou gebeur dit dat O.B.-offisiere soms genader word om by die Nasionale Party aan te sluit; en dat die volgende argument gebruik word: „want dan kan jy maklik op die Distriksraad van die party kom." Hieroor voel die offisiere diep verneder want dit skyn asof hul lidmaatskap van die party gekoop wil word met die toekenning van 'n setel op een of ander raad van die party.

Ek kan die offisiere se standpunt baie goed verstaan, en ek het die hoogste waardering daarvoor. Daarom wil ek aan die partyorganiseerders vra: Skei asseblief uit met hierdie soort werwery onder O.B.-lede. Julle klop aan die verkeerde deur.

### *Die Les wat Geleer Moet Word*

Om terug te keer tot die inlywing. Die H.N.P. het in die praktyk die parlementslede en 'n klein aantal gewone lede van die Afrikanerparty ingelyf. Dit is al wat oorgebly het van die Afrikanerparty nadat die oorgrote meerderheid van die O.B.-lede hulle verbintenis met die party — nie uit vyandskap verbreek het nie, maar eenvoudig laat verval het omdat hulle alle belangstelling in die party verloor het.

Die H.N.P. is derhalwe teleurgesteld met die inlywing. En hulle teleurstelling is heeltemal verstaanbaar. Hulle wou die A.P.-takke, wat propvol O.B.-lede was, ingelyf het; m.a.w. hulle wou stemvee ingelyf het. En dit het hulle nie reggekry nie.

Hulle het wel 'n klompie mense ingelyf, maar vir die meeste van hierdie mense moet hulle plek inruim òf in die parlement, òf in die party se Federale Raad, òf in die Hoofrade van die provinsiale partye, òf in die Distriksrade van die party. En dit vind nie oral byval nie. Want die H.N.P. het genoeg verdienstelike kragte in sy eie geledere om al hierdie rade, sommer soveelmaal vol te maak.

Ek noem hierdie dinge vandag omdat ek die les wat daaruit te leer is wil beklemtoon:

Eerstens, dit is nie moontlik om die Ossewabrandwag en sy lede te skei nie;

Tweedens, diegene wat die ondersteuning van die O.B.-lede wil hê sal 'n vriend van die O.B.-organisasie moet wees of word;

Derdens, O.B.-lede sal nie hulle steun gee aan 'n ding wat onverbiddelik gekant is teen hulle beginsels en ideale nie;

En vierdens, O.B.-lede laat hulle nie so maklik „vang" soos die beroepspolitici dink nie.

### *Bekering is 48 Jaar te Laat*

Toe hy die Verenigde Party van Kaapland se kongres in Oos-Londen toegespreek het, het mnr. Marais Steyn, L.V., gesê dat dr. D. F. Malan, 48 jaar nadat die Anglo-Boereoorlog beëindig is, tot die oortuiging gekom het dat die nasiebou-beleid van wyle generaals Botha en Smuts tog reg was.

„Dit is baie ongelukkig vir S.A. dat dr. Malan 48 jaar te laat tot hierdie oortuiging gekom het," het mnr. Steyn gesê.

En dan gaan mnr. Steyn voort om dr. Malan en sy party aan te val.

'n Mens sou verwag het dat mnr. Steyn, wat 'n V.P.-man is, die bekering van dr. Malan tot die Botha-Smuts-beleid sou verwelkom het en dr. Malan aangeprys het. Maar, nee. Hy bly maar kwaad vir dr. Malan omdat sy bekering dan 48 jaar te laat plaasgevind het! Die partypolitici glo blykbaar nie aan die spreuk: Beter laat as nooit nie. Hulle keur dit ten strengste af, as synde „not cricket," wanneer politieke teenstanders mekaar se beleid „afvat."

### *Nasionale Ekonomiese Stelsel*

My leser „Ek vra maar net" van Oudtshoorn, skryf dat hy graag nog 'n woordjie wil meepraat „oor ons vriend ‚Uil' se voorstel om 'n binnelandse en 'n buitelandse ekonomie op te bou. Dit is iets waarvan die geldbase hoegenaamd nie sal hou nie, want die lyk vir my na 'n blad uit die nasionaalsosialisme.

„Soos ek ‚Uil' se voorstel verstaan — alhoewel hy dit nie breedvoerig behandel het nie — stel hy voor dat ons regering al ons uitvoerprodukte se opbrengs in die verskillende lande wat dit koop as 'n kontantkrediet laat bly, en in 'n nuwe geldeenheid vir binnelandse doeleindes alleen, aan die produsente en fabrikante uitbetaal.

„Indien dit so is vra ek maar net of dit nie al dadelik 'n oplossing aanbied vir ons hoë lewensduurte nie? Bied dit nie al dadelik die moontlikheid om, sonder om te leen, 'n groot som geld los te maak vir ons ontwikkelingsprogram nie?

„Graag sou ek meer besonderhede van ‚Uil' wil hê oor sy plan.

„Dr. Schacht — ‚Hitlers' financial wizard,' soos die Engelse hom noem — is deur Indonisië ontbied vir raad. Die koelies van Indonisië skyn slimmer te wees as ons. As ek 'n ernstige siekte het ontbied ek baie gou 'n spesialis. Ons land ly aan 'n ernstige ekonomiese siekte, wat die regeringsleiers klaarblyklik nie kan genees nie. Waarom ontbied hulle ook nie 'n spesialiteit nie?

„Ek stem saam met die Kanadees wat geweier het om dr. Schacht te groet, omdat hy laasgenoemde as 'n renegaat beskou. Maar ek stem ook saam met Indonisië wat die renegaat se raad wil gebruik.

„Miskien sal ons regeerders weer vra wat die buiteland daarvan sal dink as Suid-Afrika 'n nasionale ekonomiese stelsel ontwerp en toepas. Maar wat kan die buiteland daarvan sê. Niks nie. Want ons vra hulle nie vir krediet nie en ons betaal kontant vir die dinge wat ons van hulle koop.

### *Rewolusionêre Beleidsprogram*

„Waarlik, as die Ossewabrandwag langs hierdie lyne propaganda maak; — ek bedoel nie noodwendig die stelsel van ‚Uil' of enig iemand anders nie, maar ek bedoel langs die lyne

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# TOKIO OORWINNAAR IN DIE SESDE RONDTE

**Vir die Duitse volk is die vredesverdrag wat tussen Japan en die V.V.O. in San Fransisco gesluit is 'n duidelike voorbeeld hoe 'n stryd om vrede gevoer moet word.**

**Terwyl die deur die oorwinnaar gelisensieerde dr. Adenauer, as bondskanselier van Wes-Duitsland teen sy eie landgenote regeer en sonder toestemming van parlement en volk die Saargebied aan Frankryk verkoop het en ook nie teen die Poolse eise van die Oder-Neisse-grens geprotesteer het nie, het die net so gelisensieerde eerste minister van Japan, mnr. Yoshida, onder dreunende toejuiging van die Japanse parlement verklaar dat hy liewer selfmoord sal pleeg as om 'n onregverdige vrede te onderteken.**

**Onder die indruk van eensgesindheid van die regering en volk van Japan het Amerika sowel as die ander lede van die V.V.O. in San Francisco nie eens oor skadevergoeding gepraat nie.**

Natuurlik het daar ook vir Japan 'n Morgenthau-plan bestaan.

Die Morgenthau-idee wat op die grondbeginsel van totale oorlog en totale uitlewering berus, het in Japan met die totale oorlog begin, maar in totale uitlewering nie geslaag nie. Morgenthau se idee om met 'n radikale sny 'n land politiek uit die wêreldkaart te sny, het misluk deur die verkeerde Sjina-politiek van Amerika. **Deur Roosevelt se fout is Japan gered, aangesien die bestaan van Japan vir Amerika op die oomblik 'n lewensnoodsaaklikheid geword het.**

Japan het die lot van Duitsland gedeel en tog het dit met Japan heeltemal anders afgeloop. Japan was gelukkig dat sy oorwinnaar, generaal McArthur, nie alleen 'n bekwame generaal was nie, maar ook 'n goeie administrateur en staatsman. So het tussen die Amerikaners en Japanese 'n harmoniese en goeie samewerking tot stand gekom.

### IN DUITSLAND

Hoe anders was die oorwinnaar van Duitsland. Generaal Eisenhower is 'n man besiel met haat teen alles wat Duits is. Sy ordonnansies en proklamasies aan die Duitse volk het altyd met dieselfde woorde gesluit:

„. . . word gestraf."
„. . . word geskiet."

As die voltrekker van die berugte Morgenthau-plan in Duitsland het hy daarvoor gesorg dat nie alleen fabrieke wat oorlogsmateriaal vervaardig het, opgeblaas moes word nie, maar ook sulkes wat vir die bestaan van die volk noodsaaklik is. En nog vandag, 6 jaar na die oorlog, word die vernieling voortgesit.

Ook in die geval van herbewapening het Japan se lot anders uitgeloop as Duitsland s'n. Die Japanse regering was nie met die Amerikaanse versoek ingenome nie en in die Japanse konstitusie is 'n paragraaf ingevoeg dat Japan geen leër en geen swaar wapens mag hê nie.

**Hoe anders handel die Duitse bondskanselier. Niemand het**

**Deur Ski**

**hom oor 'n herbewapening van Duitsland genader nie, maar hy bied self 'n Duitse leër aan. Die V.V.O. is verbaas daaroor, want hulle wil geen Duitse leër hê nie. Die enigste wat hulle graag wil hê is 'n vreemde legioen—op dieselfde grondslag as die Frankryk se „verlore klomp" landsknegte.**

### GENERAALS WEIER

In Japan het nie een generaal homself vir die Amerikaners aangebied nie.

**In Duitsland is daar 'n paar sowel in die Ooste as in die Weste wat bereid is om Duitsers vir Amerika of Rusland in die dood te lei.**

Een van die generaals wat toestemming gevra het om 'n Duitse leër op te stel, het van die Amerikaners 'n klassieke Morgenthau-antwoord ontvang. Dit lui:

**„Dat net vrye mense wapens mag dra is 'n kinderlike opvatting. Die Romeine het hulle slawe ook bewapen en vir Rome laat veg. Die Duitsers is verslaan en behoort gehoorsaam te wees en het geen reg om voorwaardes te stel nie."**

Japan is vandag Amerika se onontbeerlike strydgenoot en daarvoor betaal Amerika elke jaar honderde miljoene dollars.

**In Duitsland is dit andersom. Duitsland moet elke jaar honderde miljoene Reichs Mark aan die V.V.O. betaal vir die gunsie dat die troepe van die oorwinnaar Duitse burgers uit hulle huis jaag en hulle self in hulle beddens tuismaak.**

### OP DIE BEEN GEHELP

Japan, wat die helfte so groot is as die Kaapprovinsie en 83 miljoen mense moet voed, kan dit nie doen solank sy industrieë nie die regte pad loop nie. Daarom is dit vir Japan noodsaaklik dat sy ekonomiese kringloop by die buitelandse kringloop ingesluit moet word.

Vroeër het Japan sy grondstowwe soos steenkool, erts en soja uit Mantsjoerye en Sjina verkry. Die grondstowwe het tot 75 persent as verbruikersware weer na die lande van herkoms teruggegaan. Die ekonomiese kringloop wat vir Japan 'n lewensnoodsaaklikheid is het na die oorlog nie weer in regte werking gekom nie.

Toe tree Amerika in en 'n nuwe ekonomiese grondslag word vir Japan geskep. Vandag gaan Amerikaanse grondstowwe die teensinnige pad oor die oseaan na Japan om deur die Japanese industrieë verwerk te word. Japan is met die hulp van Amerika en die Colomboplan op die soektog deur die hele wêreld na nuwe afsetgebiede. Natuurlik is dit 'n kunsmatige en duur operasie, maar die Marshall-plan, Colombo-plan en ander planne wat op Dollar-inspuitings berus, maak selfs die onmoontlike moontlik.

En om politieke redes moet Japan lewe, want Japan is vir Amerika nie alleen die Gibraltar in die Stille Oseaan nie, maar ook die Etoppe vir die oorlog in Korea. Sonder Japan kon Amerika geen oorlog in Korea voer nie.

**Japan is vir Amerika die sleutelstelling in die Stille Oseaan teen Russiese heerskappy in Indo-Sjina, Maleija, Indonesië, Borneo, Indië — en Australië.**

### STRATEGIESE POSISIE

Van Asiatiese oogpunt besien kan Japan se belangrike ligging glad nie oorskat word nie, want hy is nie alleen 'n Asiatiese land nie, maar veral die industriële hart van Asië. Sonder Japanese vakmanne sal daar geen industrialisering van die Asiatiese massas wees nie. Sonder die industrialisering van Asië sal daar geen verheffing van die lewenstandaard in Asië wees nie en daarsonder sal daar geen oorwinning oor „honger en epidemie" wees nie.

Van Europese oogpunt besien kan Japan die laaste vriend in 'n vyandelike Asië wees. Ek lê spesiale nadruk op die woord „kan," maar die „kan" is net 1 persent vir sover ek die Asiate ken. Die „kan" is die een moontlikheid uit honderd.

Die ander moontlikhede is dat vroeër of later die Japanese industrieë in verbond met die Japanese intelligensie mekaar tot 'n katalisator sal ontwikkel wat dan die uiteenlopende kragte van Asië tot 'n onoorwinlike magsfaktor sal verenig.

**Ons moet nooit vergeet dat dit die Japanese was wat die politieke wagwoord: „Asië vir die Asiate" in die harsings van die Asiate ingehamer het nie.**

### ONSEKERHEID

Dit is 'n politieke elementêre feit dat die Japanse bevolking elke jaar met 18 miljoen mense

(vervolg in kolom 5)

(vervolg van kolom 3)

aangroei. Die bevolkingsprobleem was die oorsaak waarom Japan Sjina binnegeval het. En dit was ook die rede waarom Japan in die vorige oorlog aan die kant van Hitler gestaan het.

Of die politiek van die Amerikaners teenoor Japan 'n goeie of 'n slegte is sal ons binne 'n paar jaar sekerlik weet. Dat Amerika 'n volstrek verkeerde beleid teenoor Sjina gevolg het, is vandag wêreldbekend. Maar of Amerika vir die tweede keer 'n onafsienbare groot fout maak sal die geskiedenis eers moet bewys. Een gevolg en inderdaad die eerste wil ek hier registreer:—

**Die eerste minister, Shigeru Yoshida, wat Japan op die pad na Soewereiniteit gelei het, het aan die volk verklaar dat hy weier om die Amerikaanse eise vir herbewapening te aanvaar.**

Truman raas en vooraanstaande mense in Australië het reeds al die koue koors.

## Van Die Os Op Die Esel

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

van 'n nasionale ekonomiese stelsel — as die Ossewabrandwag 'n opbouende staatkundige, ekonomiese en maatskaplike program vir die toekomstige republiek uitwerk, moet hy uiteindelik die aandag van Engelsen Afrikaanssprekendes trek. En dan is oorwinning verseker."

Ek deel my leser se optimisme. Ek stem saam dat die gewone mense in ons land baie vervelig raak vir die politieke partye se aanhoudende en naakte verkiesingspropaganda. Die beroepspolitici se praatjies maak nie meer hond haaraf nie. Dit ly hoegenaamd geen twyfel nie dat 'n rewolusionêre beleidsprogram, wat op die regte manier voor die volk gelê word, die verbeelding van die mense sal pak en wydvertakte ondersteuning sal geniet.


Die Ossewabrandwag het hierdie beleidsprogram. Hy moet dit net op die regte manier voor die volk lê. En as ek die besluite van die Grootraad reg lees, dan is dit presies wat die Ossewabrandwag voornemens is om te doen.

# EUROPESE MENING SWAAI TEEN PARTYSTELSEL

**Dit blyk steeds duideliker dat die openbare mening in Europa teen die partystelsel swaai ten gunste van Nuwe Bewegings met moedige leierskap wat die volke verenig in hul teenstand teen die kommunisme agter nasionale helde. Gebeurtenisse in Griekeland lewer die jongste bewys hiervan en dit ly geen twyfel dat hierdie tendens ook in Brittanje sal posvat nie aangesien die ou poltieke partye geen oplossing het vir die ekonomiese probleme wat in die kapitalistiese stelsel opduik nie, skryf Union, die orgaan van die Engelse volksbeweging.**

In Griekeland het die genl. Papogos, een van die volkshelde uit die onlangse burgeroorlog teen die kommuniste, net soos genl. De Gaulle in Frankryk, 'n Nuwe Beweging gestig wat hy noem: Die Sametrekking van die Griekse Volk. En in die jongste verkiesings in Griekeland het die Sametrekking 'n pragtige oorwinning behaal. Hy het 36 persent van die totale stemme op hom verenig en 115 setels uit 'n totaal van 250 verower. Die ou politieke partye het swaar verliese gely. Die Konserwatiewe Party het 70 setels en die Liberale Party slegs 52 setels gewen.

Die balans van mag in die parlement tussen die politieke partye (122) en die Sametrekking (115) word gehou deur die Kommunistiese Party (10) en die Onafhanklikes (3). Die posisie in die Griekse parlement is derhalwe soortgelyk (hoewel ernstiger) as die posisie in die Franse parlement, waar die politieke partye darem nie so afhanklik van die kommuniste is nie.

Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret




G1-3066 A.F.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is u man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAAR-WONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat** vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

## VOORSLAG (EDMS.) BPK.

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

### Intekenvorm

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van*** ........................................

........................................ ***vir die eerste*** ........................ ***maande.***

**NAAM** ........................................................................

(Naam en Adres in Blokletters)

**POSADRES** ........................................................................

........................................................................

........................................................................

........................................

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Oud-A.K.G. Verwelkom Front Teen Partystelsel

**Mnr. O. L. Nel, Middleton, Greytown, Natal, skryf:**

**Dit was vir my 'n besondere blye tyding wat ek in die jongste uitgawe van Die O.B. gelees het, nl. dat die Grootraad besluit het dat die Ossewabrandwag voortaan die politieke partystelsel in ons land gaan beveg.**

Dit is vir my nogal iets eienaardig dat die Grootraad hierdie besluit moes neem, want dit is tog sy erkende beleid. Ek herinner my duidelik dat in 1941 en in 1942, nog voor my internering, geen O.B.-vergadering gehou was of die sprekers, hetsy die Kommandant-generaal of ander offisiere, het die partystelsel verdoem en sy euwels openbaar. In die brosjure, „Die Ossewabrandwag, Vanwaar en Waarheen" verskyn die volgende op bly 47:

„Die ontwikkeling van partye, die feit dat die massa van die kiesers nouliks kans kry om 'n eie mening oor ingewikkelde vraagstukke te vorm, die bestaan van 'n persbeheer deur naamlose belanghebbendes of magsgroepe, wat van voorligters ontwikkel het tot misleiers van die openbare mening in hul eie belang, het die weg gebaan vir die politieke partymasjien en om 'n Amerikaanse woord te gebruik, die ‚political boss.' Daarmee is nie slegs die voorwaardes geskep vir 'n voortdurende en diepinvretende vervorming van die volksgesindheid ten bate van die selfsugtige oogmerke van belanghebbende persone, partye en groepe nie, maar ook vir 'n ondraaglik beheerde massadwingelandy, en van politieke verrotting . . .

„Die stelsel van partyregering met sy koukusbeheer en sy kabinet wat slegs tot verantwoording geroep kan word deur dit van die kussings te lig, het die noodwendige gevolg dat die duursame lands- en volksbelange opgeoffer word aan die oombliklike partyvoordeel. Alleen gedurende die verkiesing is die volk en die volkstoekoms van skynbelang. Daarna geld slegs die toekoms van afgevaardigdes en partyleiers. Die gevolg is dat geen landsprobleem deurtastend aangepak word met die oog op die toekoms nie maar dat alles geskied by wyse van halfhartige kompromisse. Bowendien lê volksverdeling in die siel en wese van die partystelsel. Dit lê klem nie op volksgenootskap nie, dog op partygenootskap . . ."

### VOLKSEENHEID

In 1946 verskyn daar weer 'n brosjure „Iets oor die Ossewabrandwag" uitgegee deur die Voorligtingsafdeling van die O.B. en op bladsy II lees ons die Beleidsformulering u i t g e r e i k deur die Grootraad, November 1943, waar die Grootraad sê dat die „partystelsel vervang moet word deur die eenheidsorganisasie van die volk . . ." Op bladsy II waar die beleidspunt verduidelik word lees ons die volgende, geskryf, soos ek meen deur dr. J. F. J. van Rensburg.

„Waarom is Die O.B. teen die Partystelsel? Omdat Die O.B. na volkseenheid streef en omdat die partystelsel in sy hele wese en met voorbedagte rade die volk moet verdeel in minstens twee of meer eksklusiewe groepe, wat mekaar uit die aard van die saak moet beveg. Om te wen moet elke groep die volksgenote so ver moontlik van die ander groep probeer afrokkel. Meestal geskied dit deur middel van verdagmakery en beswaddering van die ander groep se leiers en motiewe. . . Die O.B. noem die partystelsel georganiseerde vyandskap in die boesem van die volk."

Dit is tog voldoende bewys dat Die O.B. nog nooit enige vertroue in die politieke partystelsel gehad het nie, maar wat so baie Brandwagte verbaas het, is dat 'n paar jaar na die einde van die oorlog daar nie meer sodanig te velde teen die partystelsel getrek is nie; inteendeel was Brandwagte aangemoedig om by 'n politieke party aan te sluit en selfs vir die party te werk.

### KENTERING

Maar die kentering het gekom en die Ossewabrandwag is weer terug op sy ou pad en ek dink dat duisende Brandwagte oor die lengte en breedte van Suid-Afrika, die besluit van die Grootraad sal toejuig.

Om alle misverstand uit die weg te ruim voel ek dat ons duidelik moet verklaar dat ons nie die oorlog teen die huidige regering verklaar nie. Inteendeel. Ons moet eerder simpatie betuig want die regering is self die prooi van 'n vreemde ingevoerde stelsel waaronder sowel hy as die volk van Suid-Afrika gebukkend loop. Daar is verskeie lede van die regering en van die Nasionale Party wat net so gekant teen die partystelsel as die O.B. is en dr. D. F. Malan het jare gelede al verklaar dat die Britse parlementêre stelsel hier in ons land uitgedien is. Nogtans is dit duidelik dat die Nasionale regering nie van verantwoordelikheid gevrywaar durf word nie, want tot hede het hy nog geen pogings aangewend om ons land en volk van die partystelsel te suiwer nie. Die Ossewabrandwag het 'n groot taak voor hom en hy is die enigste volksbeweging wat nog altyd die suiwerste patriotisme en vaderlandsliefde betoon het en hy is geroepe om ons land te bevry van 'n stelsel wat broedertwis, vyandskap onder volksgenote en verraad veroorsaak en aanmoedig.

Die beleid van Die O.B. het binne die afgelope week water op sy meule gekry en wel van 'n onverwagte oord. Mnr. R. M. Martin, voorsitter van die „Commercial Exchange of Southern Africa", het tydens sy jaarvergadering in Johannesburg verklaar dat die politieke partymasjien onbevoegd is om ernstige landsprobleme op te los en as ons ondersoek sou instel sal ons uitvind dat alle denkende persone, wat nie blinde partyaanhangers is nie, dieselfde mening as mnr. Martin toegedaan is.

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

## VERSKIL VAN MIN. HAVENGA

**Mnr. H. P. Wassermann, Lang Riet, Humansdorp, skryf:**

Ek het in die Vaderland van 11 Oktober gelees van min. N. C. Havenga se toespraak op Klerksdorp. Ek het dit met aandag gelees. Hy sê Suid-Afrika is so vry as wat enige ander land in die wêreld kan wees. Nou wil ek net vir minister Havenga vra: as ons so vry is waarom moet ons aan Engeland se onnodige oorloë deelneem? Minister Havenga het verklaar dat daar tans om sentiments- en ander redes verlang kan word na 'n republiek maar dat sodanige verlange nie gegrond mag wees op 'n begeerte om vryer te wees nie, want dit is onmoontlik Myns insiens is ons nie vry solank as wat ons vasgekoppel is aan die sogenaamde Statebond en die sogenaamde V.V.O. en die Veiligheidsraad nie. Ons as Afrikanervolk verlang na 'n vrye republiek los van die Empire en sy geknoei. As minister Havenga in die Empire-kraal wil bly, dan moet hy na Engeland verhuis, en nie mede-Afrikaners in die Engelse kraal saam met hom gaan neem nie.

## Opposisionisme

„Dit is 'n nuttelose, magtelose regering, die slegste wat Suid-Afrika nog in sy geskiedenis gehad het, en al wat julle met hulle kan doen is om hulle pens en pootjies uit te skop," het mnr. J. G. N. Strauss, sy Majesteit se opposisieleier, in Johannesburg gesê.

Dit is met opposisietwak soos hierdie wat die „volk" elke halfdosyn jare of so beweeg om sy regering in die pad te steek en die „alternatiewe" regering weer in die kussings te plaas wat op sy beurt weer deur Sy Majesteit se opposisie uitgeskel word vir „die swakste regering in ons geskiedenis."

**Net soos die bandiete vanmelewe die trappe van die gevreesde trapwiel tot uitputtings toe „opgehardloop" het, so trap die volk verkiesing na verkiesing aan die parlementêre wiel sonder dat hy êrens aanland of iets standhoudends bereik — behalwe natuurlik die groter onderlinge vyandskap en rassehaat wat hy in die proses uitsweet.**

# SAMESMELTING NOU VOLTOOI

Op 22 Oktober het die samesmelting tussen die Herenigde Nasionale Party of Volksparty en die Afrikanerparty plaasgevind. Op die datum het die Afrikanerparty heeltemal verdwyn toe hy ingelyf is by die H.N.P. of V., en laasgenoemde party het gelyktydig die nuwe naam Nasionale Party aanvaar.

Die Vaderland skryf dat „mnr. Jan de Klerk, L.P.R., en hoofsekretaris van die Transvaalse H.N.P., sê dat dit ook sal beteken dat derduisende briefhoofde verander sal moet word." Die Vaderland skryf verder: „Die A.P. het nie die probleem van nuwe bordjies en skryfmateriaal nie. Dit verdwyn heeltemal en die organisasie word by dié van die H.N.P. ingelyf."

In sy uitgawe van 22 Oktober beklemtoon Die Volksblad dat voornemende lede van die nuwe Nasionale Party die volgende onderneming moet onderskryf:

„Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat ek die beginsels van die Nasionale Party aanvaar en na die beste van my vermoë sal uitleef, en dat ek my uit vrye beweging en opreg verbind om die verpligtinge verbonde aan die lidmaatskap van die Nasionale Party volgens konstitusie getrou na te kom en om my aan die gesag en tug van die party te onderwerp. Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking nie."

---

**Min. N. C. Havenga** het 'n uitnodiging van die Nasionale Party in Natal aanvaar om leier van die party in die provinsie te word.

# WAAR GAAN BEWAPENING VAN V.S.A. EINDIG

**300 miljard dollar vir bewapening — nee, dit is geen drukfout nie, dit is werklik 300 miljard dollar oftewel £100,000,000,000,000 — en hierdie astronomiese bedrag wat byna so groot is as die gesamentlike staatskuld van die Verenigde State sedert sy stigting, met insluiting van twee wêreldoorloë, wil Washington nie aan 'n bewapeningsplan oor twintig jaar spandeer nie, maar oor vier jaar! Ja 200 miljard dollar sal teen 30 Junie 1953 reeds deels uitgegee, deels bewillig en deels voorsien wees.**

Dit en niks anders het die bekende tydskrif U.S. NEWS AND WORLD REPORT berig in 'n artikel met die opskrif: „Is daar 'n grens aan bewapening?" Die betrokke kernsin lui: „Die bewapeningsprogram van ons land neem soos 'n sneeubal toe in omvang sowel as koste. Op die oomblik beloop dit 134 miljard dollar, wat vir die volgende twee jaar reeds deels bewillig en deels bestee is . . . Maar voordat die Kongres die bedrag vir die tweede jaar bewillig het, tree die eise van die derde jaar reeds in wat 'n verdere 70 miljard dollar sal bedra. As gevolg hiervan sal die bewapeningsbegroting in die volgende drie jaar meer as 200 miljard dollar beloop, en in die vierde jaar sal die bewapeningsuitgawe naby 300 miljard dollar wees."

Dit klink soos opsetlike hoon op president Truman se afgesaagde versekering dat sy beleid die vrede gered het wanneer die blad lakonies opmerk: **„Die vier jaar kragsinspanning in die Tweede Wêreldoorlog het die Verenigde State altesame 340 miljard dollar gekos." Met ander woorde, vier jaar Truman-vrede is byna so duur soos vier jaar Roosevelt-oorlog — wat wel die skerpste veroordeling denkbaar is van die beleid wat Washington nou al jarelank volg, veral as mens daarby die Franse gesegde in ag neem dat regering beteken om vooruit te sien.**

### SNELLE TOENAME

Die skrikbarendste verskynsel is die algabraiese progressie van hierdie Washingtonse bewapeningsprogram. In 1950 was dit nog maar „net" 22.7 miljard dollar, in 1951 reeds 61.2 miljard (waarin die „polisie-optrede" in Korea al weerspieël word), terwyl vir 1952 nie minder as 107 8 miljard gestem is en die raming vir 1953 niks minder nie dog selfs hoër gestel word.

**As mens aan die anderkant hierdie ongehoorde finansiële toesegging vergelyk met die militêre resultaat, dan is mens heeltemal dronkgeslaan. Die Amerikaanse leër sal van 3½ miljoen man in Junie 1952 uitgebrei word na 4 miljoen in Junie 1953; die lugmag sal van die huidige 90 groepe na 150 groepe**

**Deur dr. Otto Strasser**

**vergroot word, terwyl die vloot reeds so groot is dat dit nog net in die afdelings vliegtuigdraers en duikbote aangevul kan en sal word.**

### EUROPESE HULP

Ook die hulp aan die bondgenote staan in skerp teenstelling met die miljarde bedrae. In 1950 het dit op 6.9 miljard dollar gestaan (waarvan 1,3 miljard vir militêre en 5.6 miljard vir burgerlike doeleindes was), in 1951 was dit 8 6 miljard (waarvan 5,4 miljard vir militêre en slegs 3.2 miljard vir burgerlike doeleindes) en in 1952 sal dit 8 5 miljard dollar wees (waarvan nie minder nie as 6.25 miljard vir militêre en net 2.25 vir burgerlike oogmerke).

En selfs op militêre gebied is die resultate so klaaglik dat genl. Gruenther in sy geheime getuienis voor die senaat verklaar het dat dit beter is om dit nie in sy huidige stadium openbaar te maak nie, aangesien dit die Amerikaanse publiek sal skok.

As gevolg van sy onthullings is die beperking van 200,000 Amerikaanse troepe in Europa opgeskuif na 400,000; genl. Eisenhower het anders gedreig om te bedank.

Dit is sowel in Europa as Amerika se belang dat hierdie astronomiese bewapeningsuitgawe, wat wel deur die Amerikaanse belastingbetalers alleen voorsien moet word, op die voordeligste wyse aangewend word, want die finansiële gesondheid van Amerika is die voorwaarde vir 'n oorlog van die vrye wêreld.

### VERKWISTING

Met dit in gedagte werp ons 'n vlugtige blik op die ware toestand waaraan daar nog oneindig veel gedoen sal moet word. Met grenslose verbasing het die uit Duitsland teruggekeerde kongreslede byvoorbeeld vasgestel dat 'n Amerikaanse sersant wat in Berlyn gestasioneer is, 'n vyfvertrek-huis met 'n groot tuin bewoon, 'n eie huishouer en tuinier het, sy vrou vanselfsprekend 'n diensmeisie en hul twee saam 'n kok aanhou. Selfs al moet die Duitse belastingbetaler vir hierdie koste sorg, dan nog bring dit 'n leefwyse vir die leër mee wat — ongeag die indruk wat dit op die Duitsers mag hê of die koste daarvan — vernietigend vir die krygsmoraal van die troepe moet wees, veral teenoor 'n teenstander wie se gehardheid spreekwoordelik is.

Geen wonder dan ook dat die Duitse regering in sulke omstandighede amptelik bekend gemaak het dat 'n Duitse leër van dieselfde sterkte as die Amerikaanse besettingsleër net een-derde soveel sal kos as wat die huidige Amerikaanse besettingstroepe kos. Hierdie argument het nie nagelaat om 'n indruk op die Amerikaanse kongreslede en die Amerikaanse belastingbetalers te maak nie Nog belangriker egter was die politieke indruk op die Duitse volk toe Washington verklaar dat vir elke Duitse divisie wat opgerig word een Amerikaanse divisie uit Duitsland teruggetrek sal word. Daar kon geen sterker aanmoediging vir 'n geesdriftige toestemming van die Duitsers tot herbewapening gewees het as hierdie verklaring wat daarby vir Amerika self so voordelig is nie.

### HOELANK?

**Die beslissende vraag is egter: Vir hoe lank kan selfs die ryke Amerika so 'n reusagtige bewapening bekostig en waarheen moet dit lei? Daar kan geen twyfel oor bestaan nie dat dieselfde gevolge wat gespruit het uit die oorlogsuitgawe van meer as 300 miljard dollar — naamlik die halvering van die waarde van die dollar — ook moet spruit uit die bewapeningsprogram van 300 miljard dollar. En wanneer die grens van 300 miljard dollar in 1953 bereik word, sal daar nog geen einde aan die spiraal wees nie.**

**Hoe sal die einde hiervan lyk? Al hierdie wapens raak binne 'n jaar verouderd! Selfs die atoombomme verloor na twee jaar hul waarde, soos blyk uit 'n geheime mededeling van die atoomkommissie. Die geskiedenis bewys buitendien dat aan die end van alle bewapeningswedlope 'n oorlog staan.**

Aangesien die Amerikaners klaarblyklik geen eersterangse staatkundiges is nie, dog eersterangse rekenmeesters, dwing dit mens tot die gevolgtrekking dat Washington met oorlog rekening hou — met 'n oorlog wat nie voor 1952 en nie na 1954 sal uitbreek nie. **So gesien is die 300 miljard dollar nie 'n waarborg teen oorlog nie, maar slegs 'n waarborg in die sin dat die oorlog wat deur die kommuniste afgedwing sal word, deur Amerika gewen kan word.**

## Uitgedryf Deur Tirannie Van Partystelsel

**Mnr. A. H. J. Eaton, 'n L.V. van die Verenigde Party in Durban, het sy setel bedank. Hy het 'n tyd gelede verklaar dat sy posisie in die party ongelukkig begin word het omdat hy met die regering se wetgewing in verband met Indiërs se grondbesit en woonbuurteskeiding saamgestem het.**

**Die koukusdwang, of „tirannie van die partysweep", soos dr. Malan dit noem, het hierdie lid belet om volgens sy oortuiging te stem. Daar was vir hom dus net twee weë oop: hy moes òf bedank òf voortgaan om teen sy gewete te stem. Dit gebeur nie so dikwels dat 'n parlementslid die weg van mnr. Eaton volg nie. Die stem van die partysweep spreek gewoonlik luider as die stem van die gewete.**

## Italianers Vir Rhodesië

Die vereniging van boubase in Suid-Rhodesië oorweeg tans die wenslikheid om Italianers in te voer as arbeidskragte in die boubedryf. Hulle sal die vraagstuk besmoontlik binnekort met die kabinet bespreek.

Met die oog op allerlei maatreëls wat teen Unie-burgers se binnekoms in die gebied getref is, wil dit voorkom of Italianers daar meer welkom is as Afrikaners.

**Nuwe metodes om sprinkane te bestry** waarin daar ook van vliegtuie gebruik gemaak sal word is deur mnr. J. du Plessis, hoof van die afdeling vir sprinkaanbestryding, aangekondig.

'n Sprinkaanbedreiging is reeds besig om te ontwikkel in die omgewing van Prieska, Victoria-Wes, Richmond, Naauwpoort, Bethulie, Trompsburg en Petrusburg.

# Duisende Indiërs Kom S.A. Binne

**Die mening dat 'n bestendige stroom Indiër-immigrante Suid-Afrika binnekom weens 'n skuiwergat in die wet, word gehuldig deur immigrasiebeamptes. Ook die minister van binnelandse sake, dr. T. E. Dönges, het in Durban toegegee dat daar in die afgelope vyf jaar nagenoeg 14,000 Indiërs die land op onwettige wyse binnegekom het. Dit beteken 'n jaarlikse gemiddeld van 2,800 Indiër-immigrante. 'n Paar maande gelede het 'n Indiese minister ook beklemtoon dat die aantal Indiërs wat na Suid-Afrika gaan die klompie wat vrywillig gerepatrieer word ver oortref.**


Na berig word, sal daar moontlik wetgewing ingedien word om een van die skuiwergate waardeur Asiate binnesluip toe te stop. Die bedoeling is naamlik om te verbied dat Suid-Afrikaanse Indiërs met buitelandse Indiëvroue trou en hulle dan met hul kinders die land inbring. Op die oomblik kan 'n Suid-Afrikaanse Indiër met 'n buitelandse vrou trou en al haar kinders onder 16 jaar na Suid-Afrika laat kom. Van hierdie reg word misbruik gemaak deurdat sulke kinders dan weer dadelik die land uitgestuur word waar hulle trou en met kinders en al terugkeer. Op dié wyse word 'n standhoudende stroom Indiër-immigrante aan die gang gehou.

Daar bestaan goeie rede om te glo dat al hierdie kinders nie eie kinders is nie. Baie ryk Indiërs in Indië verkies glo om hul kinders aan Suid-Afrikaanse Indiërs te gee met die oog op 'n beter toekoms. Hulle betaal groot bedrae vir die onderhoud van sulke kinders.

Maar afgesien hiervan is daar 'n onwettige binnesmokkeling van Indiërs oor ons grense uit naburige state aan die gang. Dit geskied op georganiseerde skaal.

*TEVERGEEFS HET HULLE GEWAG . . .*

**Pappie het nie weer gekom nie**



Gereeld het hulle smiddags laat vir Pappie ingewag en hom by die hek gaan haal—'n óu gewoontetjie van hulle.

Dié noodlottige dag het hulle weer soos op ander dae gewag . . . maar tevergeefs. Iemand het naderhand met die treurige tyding gekom— „'n ongeluk . . . . hospitaal-toe . . . te laat!"

Nou was dit nét hulle—die weduwee en haar vaderlose kinders.

. . .

Pappie se liefde en sorgsaamheid sou egter nou nog 'n troos vir hulle wees: die Weduwees-Pensioenpolis wat hy 'n paar jaar tevore by Sanlam uitgeneem het, sou voortaan vir hulle sorg . . . .

● **Sou U ook nog kan sorg, al is u self nie meer daar nie? Of is hulle nog blootgestel aan die gevaar van behoefte as u sou wegval? Vra VANDAG hoedat Sanlam vir u en hulle kan beskerm.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17c, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe u my kan help om vir 'n toereikende Weduweespensioen voorsorg te maak.*

NAAM: ..........................................
ADRES: ..........................................
..........................................

*Beroep:.................. Ouderdom volgende Verjaarsdag:.......* S3

# TWIS OOR VERDEELDHEID WAT STELSEL SKEP

**Die politieke partye is nog steeds besig om kliphard voor mekaar se deure te vee in 'n vrugtelose poging om die onderlinge stryd tussen die blankes op te ruim. Dat hulle dit net erger maak blyk uit die erkenning van die eerste minister 'n paar weke gelede dat die betrekkinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes „onrusbarend agteruitgegaan het" in die jongste verlede. Dr. Malan het hierdie toedrag van sake voor die deur van die „opposisie" gelê. Terwille van partypolitieke voordeel hits laasgenoemde en sy pers die Engelssprekendes teen die regering op, het hy gesê. Nou het Sy Majesteit se opposisieleier op hierdie aanklag geantwoord — ook voor sy partykongres.**

Hy beskuldig die regeringsparty dat hy groot landsvraagstukke uitbuit vir partypolitieke voordeel. „Elke ding is tot onderwerp van politieke verdeeldheid gemaak," kla mnr. Strauss. „Die regering het die volk in 'n bittere onderlinge stryd gedompel."

**Voortgaande het mnr. Strauss verklaar dat daar twee oorheersende taalgroepe in die land is en dat hierdie indeling natuurliker wys lei tot twee afsonderlike partye.** Vir hierdie indeling bestaan daar nie meer grond nie. Die Afrikaanse taal het erkenning ontvang, ons is soewerein onafhanklik, die politieke beskouing van die twee groepe is in wese dieselfde, albei is christelik, albei is diep geheg aan Suid-Afrika, albei se kulturele lewe is gewortel in die Wes-Europese beskawing. Daar is dus geen regverdiging daarvoor dat die Afrikaner hom politiek van die Engelssprekende Suid-Afrikaner moet afskei nie, aldus mnr. Strauss wat dr. Malan dan verwyt dat hy die rassevuur aan die brand hou deur sy „kleinlike politiek."

### VERWYTE

Ook mnr. J. W. Mushet, voormalige Kaaplandse leier van die V.P., het op die kongres trane gestort oor die verdeeldheid op partypolitieke gebied tussen Afrikaners en Engelssprekendes. „Hierdie regering is 'n negasie van eenheid en 'n aansporing tot verdeeldheid." Dr. Malan het 'n „stam-kabinet" saamgestel sonder 'n enkele setel aan 'n Engelssprekende, sê mnr. Mushet.

Op hierdie aanklag antwoord Die Burger deur daaraan te herinner dat die eerste minister in sy radioboodskap ná die verkiesing dit betreur het dat hy geen Engelssprekende in die kabiet kon opneem nie. **Hierdie gemis voel die Nasionale Party nou nog, maar daar is nog nie onder die Engelssprekende Nasionaliste aanspraakmakers op kabinetsrang nie.** „Die Engelssprekende gemeenskap het hom, in hierdie sin, self van deelname aan die landsbewind uitgesluit," verklaar die blad en voeg daaraan toe:

### POGINGS VERYDEL

**„Dit is die strewe van die Nasionale Party om hierdie toestand, wat wesenlik ongesond is, te beëindig. Vandaar onder meer die herhaalde verklarings van die eerste minister aan die Engelssprekendes in 'n eerlike poging om vertroue te kweek en rassepolitiek in Suid-Afrika uit te skakel. Vandaar ook die benoeming van Engelssprekende senatore waar dit moontlik was.**

**„Maar die Verenigde Party verset hom teen hierdie pogings. Met buitensporige toesprake — soos dié wat mnr. Mushet gister gehou het — word met mag en geweld geprobeer om die Engelssprekendes op rassegronde van die Nasionale Party weg te hou. Die vriendskapshand wat dr. Malan uitsteek, word keer op keer ru weggeslaan, deur die politici en die pers wat voorgee dat hulle die kampvegters vir Engelse belange is.** Daar word selfs so ver gegaan om Engelssprekendes wat hulle in die politiek met die Nasionale Party vereenselwig, maatskaplik en ekonomies te beveg.

„Langs hierdie weg word daarin geslaag om Engelssprekende steun op rassegronde vir die Verenigde Party te behou wat hy op politieke gronde nie sou kon behou nie.

Maar terselfdertyd word deelname van Engelssprekende kant aan hierdie en aan toekomstige Nasionale landsbestuur belemmer."

### DIE VRAAG

Totsover die mondstukke van die twee groot partye. **Albei erken dat die partypolitiek sy skeiding maak op die skeidslyn van taal, en albei erken dat hierdie skeiding so volmaak is dat die huidige kabinet ten spyte van 'n teenoorgestelde begeerte, net uit een taalgroep saamgestel is.**

Die vraag wat elke denkende Suid-Afrikaner behoort te stel, is: **As die partystelsel dan eis dat die volk in minstens twee groepe verdeel moet wees sodat Sy Majesteit 'n regering en 'n opposisie kan hê, en hierdie verdeling natuurliker wys op die skeidslyn van taal plaasvind, is dit dan ooit moontlik dat die partypolitiek die nodige eenheid van die twee groepe kan bewerkstellig?**

**Die vraag beantwoord homself.**

## Verslag Gedoen Van Grootraad

Op 'n vergadering in Maitland is verlede Vrydagaand verslag gedoen van die Grootraadsitting onder voorsitterskap van adv. J. de Vos (hoofgenl.). Die vergadering is toegespreek deur mev. dr. J. S. du Toit (Gebiedsvrou), mnr. W. R. Laubscher (voorligtingsoffisier), mev. M. van Rooyen (hfkomdte.), mnr. H. J. Steyn (hfkomdt.) en mnr. N. G. S. van der Walt, redakteur van Die O.B., wat almal die sitting bygewoon het.

Die besluit van die Grootraad om alle anti-partypolitieke kragte te mobiliseer is met instemming ontvang.

# Kortstondige Bewind

(vervolg van bladsy 1 kolom 4)

verleng deur 'n vervroegde verkiesing in die begin van 1950 te hou in plaas van in die tweede helfte van die jaar.

### MOET JARE TEL

**Om dus die aantal verkiesings te tel gee nie 'n suiwere beeld van die lewenslengte van 'n partybewind nie; veel eerder moet die aantal jare van sy bewind getel word.**

Wat die posisie in ons eie land betref, was daar in 1910 drie partye in die veld — die Suid-Afrikaanse Party, die Unioniste en die Arbeiders. Met die verkiesing daardie jaar het eersgenoemde 66 setels verower, die Unioniste 41 en die Arbeiders 10. Dit gee 'n aanduiding van die krag van die Unioniste.

Na 1912 het die Nasionale Party by gekom en in die verkiesing van 1915 het die S.A.P. 54 setels gewen teenoor 40 van die Unioniste, 27 van die Nasionaliste en 4 van die Arbeiders.

### S.A.P. VERLOOR IN 1920

**In 1920 het die S.A. Party reeds 'n nederlaag gely toe die Nasionale Party 44 en die S.A. Party 41 setels verower het met die Unioniste 25, en dit was slegs deur met die Unioniste saam te werk en kort daarna saam te smelt dat die S.A.P. sy lewe tot 1924 kon verleng het. In werklikheid het die Suid-Afrikaanse Party dus net twee verkiesings gewen, naamlik dié van 1910 en 1915.** Die volgende een het hy verloor, maar met behulp van die voormalige opposisie-party die bewind gehandhaaf. Die verkiesing van 1921 was 'n samesmeltingsoorwinning, net soos dié van 1938. **Dus, selfs al word vanaf 1910 gereken, het in Suid-Afrika ook nog geen politieke party meer as twee verkiesings of meer as tien jaar aan bewind gebly nie.**

Wat Brittanje betref was die wisseling van partybewinde so vinnig dat in die veertig jaar voor 1910 daar gemiddeld elke vier jaar 'n regeringsverandering plaasgevind het.

### SLEGS FONDAMENT IN EERSTE VYF JAAR

In 'n hoofartikel het Die Burger verlede week verklaar dat die teenswoordige regering **„tot nou toe weinig meer as die fondamente gelê (het) vir die struktuur wat opgerig moet word."** Die blad het daaraan toegevoeg: **„Noodwendig sal dit nog jare duur voordat die beleid gevestig is."**

Die vraag wat elke burger homself behoort te stel, is: **Indien 'n partybewind in Brittanje maar 'n gemiddeld van 4 jaar duur en in ons eie land maar hoogstens nege jaar, hoe kan daar enige duursame struktuur opgerig word wanneer daar „jare" voor nodig is,**

Lê die oplossing dan miskien in die bewindshandhawing van een party, selfs met ondemokratiese metodes, soos verlede week op die Verenigde Partykongres aan die hand gedoen is? Nee, beslis nie. **Die oplossing lê in die invoering van 'n regeringstelsel waar nie partye nie, dog die volk deur sy regstreekse verkose leiers regeer. Persone kan dan mekaar afwissel na gelang van ouderdom of omstandighede, maar die volk bly altyd aan bewind en die volksbeleid word konsekwent toegepas.** So was dit in die Boere-republieke waar nie partye nie, dog volksleiers regeer het wat geen ander trou as dié teenoor hul volk en hul gewete geken het nie.

# Regering Uit Met Wette En Al

**Die Britse parlementêre wiel het verlede Donderdag sy draai voltooi — na ses jaar van politieke burgeroorlog. Die Konserwatiewe Party van Winston Churchill, wat ses jaar lank Sy Majesteit se Opposisie was, is nou weer Sy Majesteit se regering, en die werk wat Clement Attlee se Arbeidersparty ses jaar lank gedoen het, sal in die volgende paar jaar weer deur Churchill gesloop word.**

**Daar is reeds aangekondig dat een van die eerste dade van die Churchill-bewind sal wees om die vorige regering se wet wat die staalbedryf genasionaliseer het, te herroep en om ander wetgewing in hierdie verband te wysig. Die maatreël van die Attlee-regering wat die verteenwoordiging van twaalf universiteite in die parlement afgeskaf het, sal ook deur die nuwe bewind herroep word.**

Vir ses jaar lank het die Arbeiders 'n sekere beleid, waarvoor hulle 'n „mandaat" van die „volk" in 1945 ontvang het uitgevoer teen groot onkoste en ontwrigting. **Hulle het nouliks die fondamente daarvan gelê, en nou keer hulle terug na die „woestyn" om te sien hoe die „volk" weer 'n „mandaat" aan Churchill se party gee om die hele struktuur wat met soveel inspanning deur hulle aangelê is, weer af te breek en te vervang deur sy eie planne — wat op hul beurt oor vier of ses jaar afgebreek sal word.**

'n Land moet onbeperkte bronne van rykdom besit om solvent te bly in sulke omstandighede, en Brittanje het dit nie. Dit is dan ook een van die redes waarom min. Havenga vroeg aanstaande jaar weer na Londen moet gaan om te beraadslaag oor metodes om Brittanje solvent te hou met Statebondshulp.

## Geesdrif Vir O.B.-Koers

Verlede Saterdag, 27 Oktober, het die kommando's van Clanwilliam 'n baie geslaagde funksie gehou op die plaas, Seekoeivlei, van mnr. en mev. A. Mouton.

Mnr. Barry Lubbe (generaal) het die verrigtinge gelei en mev. Mouton (kommandante) was verantwoordelik vir die verkopings.

Die lede van die kommando's het gesellig onder mekaar verkeer en gou-gou die tafels leeg gekoop. Die opbrengs was £40. Daar is egter nog lyste uitstaande.

Mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B., het die aanwesiges toegespreek. Hy het die koers wat die O.B. in die toekoms gaan inslaan toegelig aan die hand van die besluite wat die Grootraad op sy jongste vergadering geneem het. Die vergadering het met geesdrif kennis geneem daarvan.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK WIT VIR FILTER

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"

Kopiereg RA 52